MURRAYSBURGER

Murraysburg
a beautiful secret

The Secret is out!

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is now also available on the website. Hard copies at Kays, Butcher, Co-op & Victory Hill

Contact details on page 2

Aug 2011
R1.00
No 5

Hallo daar!

Nes 'n mens dink alles loop nou reg, gooi die lewe jou weer 'n 'curved ball', oftewel, jou 'hard drive crash'! Dus vir diegene wat nog nie gehoor het nie, dis die rede dat ons hierdie maand so 'n slanke Murraysburger het. Dit was so hittete of daar was geen nuusbrief nie, maar met hulp uit alle oorde kon ek darem my rekenaar weer so op 'n manier aan die gang kry en 'n koerantjie op straat kry!

Intussen het ons ook nie stilgesit nie, maar Noordwester Uitgewers opgespoor in Calvinia wat bereid is om vir ons die Murraysburger te druk teen R3 per eksemplaar. Alhoewel ons jammer is oor die prysverhoging, is ons seker dat die inhoud en kwaliteit daarvoor sal opmaak. Dus, spaar julle sente vir volgende maand! Daar is nog steeds 'n moontlikheid dat ons die prys kan verlaag as ons gereelde advertensies en/of borge ('sponsors') kan kry, so gebruik gerus hierdie fasiliteit indien julle iets wil verkoop, ruil, soek of wat ookal. Onthou ons is wêrelwyd op die Internet!

So van Internet gepraat - 'n oud-Murraysburger (weliswaar net vir 2 jaar) het ons nuusbriewe op die webwerf gelees en onthou van die goeie ou dae en goeie ou vriende op ons dorpie. Lees gerus oor Francois Baard se kostelike herinneringe op bl 2. Wie weet, dalk inspireer hy sommer nog 'n hele paar ander oud- en huidige Murraysburgers om vir ons te skryf!

Tot volgende keer
Marietta

doenit.net

Kontak vir Adri by adri@doenit.net / www.doenit.net
Sel: 082 564 2814
Faks: 086 588 9752

Sneeu ontwrig verkeer

Murraysburg - Die pad tussen Murraysburg en Graaff-Reinet was op Maandag 25 Julie haas onrybaar weens die swaar sneeuneerslae. Motoriste is deur die gladde oppervlakte onkant gevang en minstens twee voertuie het omgeslaan terwyl verskeie ander die pad verlaat en êrens in die veld tot stilstand gekom het. Murraysburgers, wat hulle kinders skool toe geneem het, moes noodgedwonge terug die ompad oor Aberdeen ry om veilig te kan tuis kom. Die maksimum temperatuur was minder as 5 grade, maar die ysige windjie het daarvoor gesorg dat die aanvoelbare temperatuur nog heelwat laer was.

Fotos: Chris Barr

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135 **SMS**: 072 2163 115 / 082 5093 120
EPOS: maritatheron@mweb.co.za/jenny_ballantyne@telkomsa.net
POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.
Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address.
The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

MY VERBINTENIS MET MURRAYSBURG

■***Francois Baard, Kaap***

Dit was iewers in my Std 5 jaar (1971) wat ek vir die eerste maal van Murraysburg gehoor het, en klaarblyklik was ons oppad daarheen! My oom, Ben Dixon, was bankbestuurder op die dorp, en die skool het 'n krisis gehad! As daar nie dringend kinders uit die stad die getalle kon aanvul nie sou die skool sy status as hoërskool verloor het, en al die Murraysburger'tjies Graaff-Reinet toe moes gaan vir hoërskool. Ek en my ouer broer (Hennie) is opgekommandeer om die getalle te gaan aanvul.

Ek sou in elk geval hoërskool toe moes gaan, en Hennie moes Std 9 toe. Ek het 2 neefs gehad wat daar op skool was, Deon en Francis, en 'n niggie, Suzette. Suzette sou saam met Hennie in die klas wees en Deon was 'n standerd hoër as ek.

So kom dit toe dat ons met die VW Kombi, net voor die skooljaar begin, Murraysburg toe is. Dit was vir my Ma verskriklik, ons twee uit die huis, en ons suster dieselfde jaar OKP toe om onderwys te swot… praat van leë nes sindroom. Jare later toe ons al volwasse was, was my Ma nog spyt oor die besluit om ons te laat weggaan. Ek kan onthou hoe Hennie op die Kombi se vloer lê en huil het toe ons op die grondpad by Nelspoort na Murraysburg afgedraai het.

Maar vir ons twee was dit 'n tyd waaroor ons nou nog lekker gesels……, na die eerste paar dae van aanpassing.

Die Dixons het in 'n boomryke straat in 'n bankhuis gebly (ek sal dit moet Google om te sien watter straat dit was). Oorkant die straat was die Theron's van Landsig se dorpshuis, en ek dink Rikus was seker een van die eerste mense wat ek leer ken het op Murraysburg. Dit was ook nie lank nie of ons het gerook op hulle erf, want ons was mos grootmenere van die Kaap.

Langs die Dixons het Mnr van der Merwe gebly, met 'n oulike blondekop dogter en twee seuns, Handré en ….. (ek weet nie meer nie). Mnr vd Merwe het so 'n Chev LUV bakkie gery, en as jy in die Dixons se windpomp opgeklim het, kon jy die die blondekop dogter in die dam sien swem….. ons het van Murraysburg gehou!

Die dae in die koshuis was "great". Opstaan, gaan ontbyt eet by die meisieskoshuis, skool, middagete, studietyd, speel of tennis speel, swem in die dorp, weer eet, studie, slaaptyd. Ons het mnr Killian en sy vrou as huisouers gehad en by die meisieskoshuis was Mnr Erwee. Ek sien toevallig laas week Mnr Erwee se ma is oorlede en dat hy nogsteeds vir Marquad (MEERKAT) as kind het.

Gou is ons deur families op die plase uitgenooi om daar te kom kuier, ek baie keer op Rooipoort by Jannie Pienaar en sy gesin, by Hotze van Heerden, waar ek vir die eerste maal kar gery het, een of twee maal by Johan van Rooyen (Aasvoëlkrans). Aucamp van der Ahee, Johan Retief en sy gesin met oom Loffie en tannie Sus.

Ons was egter nie die enigste vreemdelinge nie, daar is kinders uit die Baai gewerf (waar was die Baai as jy uit die Kaap gekom het, en tog het die Murraysburgers daar gaan inkopies doen en dokter toe gegaan.)

Daar was Pik en sy boetie, 'n meisie met so 'n groen gestreepte skoolbaadjie (ons het haar Peppermint Crisp genoem),'n Irma Arendse en ander wat ek nie meer kan onthou nie.

As standerd sessies is ons ontgroen, ek het die voorreg gehad om 'n Dames ou van Richmond distrik af as "Baron" te gehad het, en ons hulle sotte! As ek reg onthou was Isak van der Merwe (Badsfontein), Bertie Botha, ander Willem Pienaar van bo in die Sneeuberg almal in daardie matriekklas. En die dominee se dogter! (Beukes)

Dit laat my nou dink hoe Mev Dominee en tannie Lettie Conradie teen mekaar in die kerk gesing het! Maar dit is 'n ander storie.

Ds Beukes se een seun Abie is ook in die wynbedryf, en jonger boetie (Koos Tier) boer op die familie grond naby Citrusdal.

Hennie, my broer, het gou met Kallie van Heerden (sien op FB hy is nou Johannes) en Benna du Toit vriende gemaak, en so is ons gulhartig ontvang deur die Murraysburgers. Ek weet nie of Kallie of Marietjie die trekpleister was nie?

Sal ek ooit Maandagoggende se ryery uit die Sneeuberge vergeet? Die gejaag om klaar te maak en op die groot pad te kom, want niemand wil in die ander se stof ry nie. Oom Willie Pienaar met sy groot groen bakkie (Chev?) wat oor daai spoedwalle vlieg dat as jy anderkant land jou maag in jou keel sit. Almal voor in die bakkie. Ek, Jannie, klein Willie, Amelia en nog 'n sussie wat kleiner was. Agterop die bakkie koffers en jou koffertjie met ekstras wat tannie Shirley ingepak het vir die week, koekies, beskuit, biltong, asof ek een van haar eie kinders was. (Ek het so 3 of vier jaar gelede by haar aangery by haar huis in die dorp, myself voorgestel en gaan dankie sê vir die wonderlike manier wat hulle my ingeneem het in die familie.)

Die dorp was net so 'n ondervinding, die swembad, die munisipale dam, waar ons kleilat gegooi het, Johan (Aasvoël) van Rooyen se oom se huis teen die kop, Kay's Kafee, die skougronde, die onderdorp, waar daar besonderse mense gebly het, die Liebenbergs, met Okkie en Sakkie Liebenberg en Twakkies du Toit, wat so goed kon ghitaar speel. Boeremusiek tot Rock!

So het ek en Hennie later albei op Toverwater by die van der Berg dogters gekuier, hy by Gerda en ek by Santjie. Wat 'n wonderlike plek was Toverwater se waterval en watergat nie, en dit in die middel van die Karoo. Toe ek onlangs vir Jannie Pienaar vra wat van die van der Bergs geword het, kon hy net sê dat hulle weg is Bloemfontein toe. Vir Santjie het ek nog weer op Stellenbosch gekry, en volgens Google is sy en haar man betrokke by die SA Ambassade in die VSA.

Dit was heerlike tye, ek sal nooit die sport vergeet nie, atletiek (Driehoek?? byeenkoms). Die rugby op plekke soos Richmond, Aberdeen, Graaff-Reinet, Middelburg en Klipplaat! Daai ryery met die bus, netbal en rugby spanne saam, dit was regtig 'n fees.

Dit was lekker tye, wat ongelukkig geëindig het na twee jaar toe Hennie matriek geskryf het, en my Ma nie wou hê dat ek op my eie terug moes gaan nie. Ek was so drie of vier maal in die laaste klompie jare op Murraysburg, en as ek op die N1 verby hou Kaap toe of Johannesburg toe, trek my hart met 'n punt om te sien of die manne so grys soos ek is, en wat van die meisies (nou ook al oumas), geword het. Gelukkig vir Facebook!

TUINBOU NUUS

Die tuinbouklub het 'n spreker wat die 3de Aug kom praat by die tuinbou. Hy is 'n kenner in ons omstandighede, tuin uitleg en alles wat daarmee saamgaan. Hy het ook 'n groothandel kwekery...die plante is BAIE billik! (www.proudplants.co.za)

Hy is bereid om die dag voor die praatjie te kom om vir elk-een van ons as individu te kom raadgee oor ons tuine. Hy vra R250 per sessie, wat tussen 1 en 2 ure kan neem. Dis 'n heerlike geleentheid om iemand se brein te tap wat die know-how het. Ook vir die van julle wat begin, om dit sommer van die begin af reg te doen.

Indien enige een van julle belangstel, of van iemand weet wat belangstel, moet julle my asb laat weet.

Karin Reynolds

KAROORUIMTE - AUGUSTUS 2011

Daar is die drie susters van Murraysburg en die drie susters op die N1, maar noudat die somer konstellasies al begin verskyning maak, is daar ook die sewe susters wat vroegoggend die noord-oostelike hemelruim versier met hulle skoonheid. Pleiades is die amptelike naam van hierdie pragtige "oop sterreklos" en bestaan uit ongeveer vyfhonderd sterre wat deur swaartekrag saamgebind word en so saam-saam deur die ruimte beweeg. Op 'n afstand van slegs 440 ligjaar is hulle relatief naby aan ons en met 'n geskatte ouderdom van slegs 70 – 100 miljoen jaar, nog babatjies in vergelyking met ons eie son wat sowat 4 biljoen jaar oud is. Met die blote oog is ten minste ses van hierdie sterre baie mooi sigbaar en met 'n gewone verkyker word die res van die familie ook duidelik gesien. Wat hierdie sterreklos so besonders mooi maak, is die mistieke "wolk" waarin hulle gehul is en veral deur 'n teleskoop baie pragtig na vore kom. Hierdie wolk bestaan uit ruimte-stof wat deur die lig van die sterre in die groep verlig word en die hele groep 'n blou skynsel gee. Volgens die Griekse mitologie is die Pleiades die sewe dogters van Atlas en Pleione. Hulle sit so effe eenkant van die ouerpaar en hulle name – pragtig, eksoties en moeilik uitspreekbaar - is Alcyone, Caleano, Electra, Maia, Merope, Asterope en Taygeta.

As mens na dié mooi groepie sterre kyk, dink jy onwillekeurig aan Alfred Lord Tennyson (1809 – 1892) se gedig waarin hy die prag van die Pleiades besing:

Many a night I saw the Pleiads
Rising thro' the mellow shade,
Glitter like a swarm of fireflies
Tangled in a silver braid



In Japan is die Pleiades bekend as SUBARU. Dit is dan ook die rede vir die sterre op die wapen van die Subaru motors

AUGUSTUS HEMELRUIM

Dit maak my opgewonde om die somerkonstellasies te sien terugkeer. Nie alleen is dit 'n teken van die naderende somer nie, maar een van ons mooiste konstellasies nl Orion, die Jagter, of soos dit in ons volksmond bekend staan as die Drie Konings, steek nou weer kop uit. Dit is eintlik nog 'n bietjie vroeg in die jaar om die Drie Konings te sien tensy jy bereid is om vroeg op te staan – so van vyfuur soggens sit Orion in die ooste net bo die horison en is te sien tot die aankoms van die son sy glorie begin oorskadu. 'n Interessante verskynsel binne die Orion konstellasie is die sg Orion Nebula wat selfs met die blote sigbaar is maar weer eens met 'n verkyker 'n heel ander dimensie aanneem. Dit is te sien in die "Swaard van Orion" – die drie sterre wat soos 'n handvatsel van 'n pot skuins na bokant uitsteek. Kyk na die middelste een van die drie en jy sien 'n pragtige newelagtige wolk wat die sterre omvou. Ja, dit wat na 'n enkel ster lyk met die blote oog, is eintlik 'n groep van etlike sterre wat die gaswolk verlig en dit in 'n hemelse ligspel omskep. Op dieselfde hoogte as Orion, swaai die oog om na die noorde, verby die groepie sterre wat soos 'n hoofletter A lyk en in die noord-ooste sien jy die Pleiades, onmisbaar, en besluit dan self of jy met Tennyson saamstem.

In dieselfde gedig het Tennyson het ook mooi woorde gehad vir Orion, die Jagter:

Many a night from yonder ivied casement, ere I went to rest.
Did I look on great Orion sloping slowly to the West.



René Theron

“Mooi skoon – Lekker woon”

Só lui een van die borde as mens Murraysburg binnery. Dit vertel die storie dat in Murraysburg mense woon met kultuur en waardes. Nie ’n morsige spul wat niks omgee nie of wat net wil inpalm en verbruik nie. So het die MEF (= Murraysburg Environmental Forum) ontstaan. Dit is ’n groeiende groep mense uit alle sektore van ons distrik wat organiseer rondom die “gesig” van ons woonplek. Is ons versorgd? Is ons skoon? Laat ons vir die nageslag ’n bewoonbare plek na?

As alles goed gaan, plant ons in totaal 2011 bome hierdie jaar (ons trek nou by so 1000, maar ons het die 2011-merk verbygesteek as die granaatbome van einde 2010 bygetel word). Verder word ’n brandstof-uit-papier-herwinningsprojek beplan. ’n Fabriek wat uit afval wol ’n 3-in-1 kombers/tas/kussing vervaardig, word in die vooruitsig gestel. En die herwinningsprojek (sien foto’s) is op dreef. Dit sal eersdaags uitgebou word om ook plastiek, elektriese toestelle, batterye, ens. te kan versamel vir herwinning.

Die breë gemeenskap se steun en samewerking word gevra. Vir navrae kan mnre. Klink, Swanepoel, Ngqokelane of Louwrens gekontak word.

Hou hierdie spasie en die webwerf dop vir aankondigings oor opwindende projekte en deurbrake.

Stefan Theron by nog ’n besending van 100 bome wat afgelewer is.

Twee mense wat ’n groot rol gespeel het in die vestiging van ’n herwinningspraktyk in Murraysburg by die eerste vrag herwinbare materiaal. Elsabé Louwrens en Phumezo Nakani.

INTERESSANTE VERGADERING FNUIK DIE BIBBERKOUE

Murraysburg – Op 27 Julie het ‘n interessante pot-pourri vergadering van die VLV die dames van die koue laat vergeet. Maryn de Klerk en Adrie Conradie, wat die vergadering gekoördineer het, het oud en jonk ongemerk te midde van veel pret iets nuuts laat leer.

Wie kon dink dat die jaar 2011 so spesiaal is? Elsie Smuts het daarop gewys dat die eerste en die elfde van die eerste en die elfde maande besondere datums is en dat daar 823 jaar gelede laas in Julie vyf Vrydae, Saterdae en Sondae was.

In die Kareebosch toetskombuis van Adrie Conradie kom treffergeregte tot stand en het Margaret Booyse dan o.a. die kwaai-braai “pie” met skilferkors, ‘n verrassingsbroodjie, kitsnagereg en vyf-minuut sjokoladekoek gedemonstreer. Hierdie lekkernye is na die vergadering saam met tee geniet, geweeg en beslis nie té lig bevind nie.

Soos altyd was Alna Theron bereid om haar kreatiewe idees met die lede te deel. Selfs diegene, wat nie so vaardig met die naald is nie, sal lus voel om ‘n snoesige kombers te maak. Die demonstrasie het bewys dat daar met beplande knip en knoop ‘n mooi en duursame kombers tot stand kan kom. Aangesien die ooievaar besonder bedrywig in die distrik was en is, het die spoegdoeke en lampskerms vir die babakamer, wat deur Theron gedemonstreer is, die belangstelling van elke ma en ouma gaande gemaak.

Volgens Elsie Smuts gaan die plaaslike boekklub van krag tot krag omdat Murraysburg se dames graag ingelig wil bly. Aangesien elke lid op haar beurt boeke volgens haar belangstellings aankoop, word die lede aan uiteenlopende leesstof blootgestel. Afgesien van ontspanningsromans is historiese romans, internasionale speur-verhale en selfs filosofiese werke buiten die sogenaamd “hoë” letterkunde gewild. Almal wat bydraes gelewer het, is hartlik bedank en die eindproduk word op 27 Augustus in Murraysburg bekendgestel. Besondere aandag word aan Afrikaanse boeke gegee en het menige lid al danksy die boekklub vasgestel dat die Afrikaanse boekemark veel leesbaars en interessants aan te bied het.

Alida Pienaar, wat saam met Charl Conradie ‘n **boek oor Murraysburg en sy geskiedenis** geskryf het, het oor die versamel van die inligting asook die moeisame skryf- en drukproses berig. Almal wat bydraes gelewer het, is hartlik bedank en die eindproduk word op **27 Augustus in Murraysburg** bekendgestel.

Vervolg op bladsy 5.

DEPARTMENT of HEALTH
Provincial Government of the Western Cape

Western Cape Government Health nursing services

22 July 2011
Media Release

The Western Cape Government Health (WCGH) nursing services has embarked on a road show throughout the Western Cape from the 19th July to the 5th August.

Nursing services will hold these nursing career exhibitions in the West Coast from 19th - 22nd July, N1 starting in Oudtshoorn to Touwsriver from 25th - 29th July, and from Riversdale to Plettenberg Bay from 1 August to 5th August. Schools and communities in various towns throughout the province will be visited.

Our communities depend on nurses in clinical facilities throughout the Western Cape, who are a source of comfort to the sick. We need to draw attention to the invaluable role nurses play in delivering quality healthcare to the Western Cape community.

The nursing profession draws dedicated nursing professionals from all communities. The profession requires professional nurses in a variety of disciplines and the WCHG nursing services is appealing to young people in our communities to consider a career in nursing. This is an exciting career with many facets and offers opportunities for advancement.

Information will be provided for learners and communities to learn more about Nursing and the profession's study and work opportunities.

Nursing brochures will be provided. All is welcome to attend. Learners should bring their latest matric results, a certified copy of their identification document and their curriculum vitae if members of the community have work experience.

Emerantia Cupido
Principal Communications Officer: nursing services
082 302 9557

Hierbo van links na regs: Hannelize, Maretta, Rialeen en Kay
Onder: Dorees en Hannelize

Interessante vergadering fnuik die bibberkoue

(vervolg vanaf bladsy 4)

Baie Murraysburgers het kinders wat in die buiteland woon en werk. Na aanleiding van 'n vraelys, wat Lina van der Berg aan diesulkes gestuur het, kon Wilna Pienaar verslag doen oor wat wie waar in die buiteland doen. Dit blyk dat die verlange na familie en sonskyn redelik algemeen voorkom al geniet die jongmense die uitdagings en werk in die vreemde. Die aansteekbord met foto's van die jongmense was 'n treffer en die lede kon nie genoeg kyk na die gesigte uit verre lande nie. Alhoewel die Murraysburg gemeenskap baie klein is, is dit ontstellend om te sien hoeveel jongmense hulle heil elders gaan soek het terwyl ons land behoefte aan 'n doelgerigte, avontuurlustige jeug het.

Die lede het nie net kom geniet en ontvang nie, maar ook 338 gebreide blokke van 20cm x 20cm ingehandig. Tiny Herholdt, wat 66 blokke gebrei het, was die onbetwiste wenner met Johanna van der Merwe (47) in die tweede plek en Grada Retief (30) en Jeanette Avenant (30) gesamentlik in die derde plek. Van hierdie blokke word komberse vir kankerpasiënte gemaak en daar is voorgestel dat met die breiery voortgegaan moet word sodat Huis Spitskop se inwoners volgende winter warm kniekomberse kan ontvang.

Dit was beslis 'n sinvolle en aangename vergadering - sien fotos hierlangsaan!

YOUTH EXPOSED TO ALCOHOL ABUSE

Alcohol misuses the youth (teenage mothers)

As we head to the weekends most of the youth look forward to a time of real fun and party. Through spending some time at the local clubs, taverns and home *shebeens* the past few weeks it's saddening to see how vulnerable our youth turns out to be. But we know that we are living in a town stricken with unemployment and poverty. Now that raises the question as to where these youth get the money that they spend so recklessly on alcohol during weekends.

They are not concerned about any safety or health issues as there is always a fight amongst them. Through the survey that I conducted, the teenage mothers are the most on these kinds of premises. At times you meet pregnant young girls or those who carry their babies to these places with them. Yes I know that the question arises as to when are these infants (babies) eating, washed or bathed and how often are their diapers being changed? Seeing how these girls waste and get misused by the alcohol or vice versa "how they misuse the alcohol" and forgetting their responsibilities towards their babies is depressing. No wonder most of the kids born in the past 3yrs are affected by malnutrition and other health issues due to neglect. During this festiveness they get exposed to various dangers such as accidents, fights, HIV/AIDS and Std's due to having sex with multiple partners and TB coz of the different odours inhaled at these places.

It is really touching to hear when parents, grandparents talk so sadly and heartbroken about the negligence of their children. Coz at the end these parents and grandparents are left with the responsibility of these babies. The teenage pregnancy rate is increasing enormously in town and makes one wonders if our youth and young mothers are being reprimanded by their parents, or do they get teachings from schools on these kinds of issues? Or are they simply ignorant to these principals they grew up with? It's time that we, as the youth, teenage mothers and fathers take responsibility and be accountable for our actions. As change starts with oneself so we must be the change that we want to see for our children, brothers and sisters. Let's make the right choices in life as our children and youngsters will need someone to look up to and have a bright future, let's carve the way for them, starting today.

"YOU CHOOSE THE BEHAVIOUR, YOU CHOOSE THE CONSEQUENCES"

MR-X.com

Quick & easy cheese muffins

1 cup flour
1 cup milk
1 cup grated cheddar cheese
3 teaspoons baking powder
Chopped parsley
Chopped ham (optional)
Pinch of salt

Mix together. Spoon into greased muffin pans and bake at 200ºC for 10 min.

THIS IS THE ONLY TIME WE WILL SEE AND LIVE THIS EVENT

This year, July has 5 Fridays, 5 Saturdays and 5 Sundays. This happens once every 823 years.
This year we're going to experience four unusual dates: 1/1/11, 1/11/11, 11/1/11, 11/11/11.
Also, take the last 2 digits of the year in which you were born – now add the age you will be this year.
The results will be 111 for everyone in the whole world!

DAVE MULLINS OORHANDIG DIE UITRUSTINGS WAT DEUR DIE "GREAT KAROO TULI"- VERENIGING GEBORG WORD AAN DIE KAPTEIN, KLAAS UITHALER, EN DIE ONDERKAPTEIN, BENEDICK BABERS, VAN DIE MURRAYSBURG BLUEBIRD SOKKERSPAN

OOGTOETS EN BRIL

Dit het onder die Murraysburger se aandag gekom dat die mense van Murraysburg wel hulle oë kan laat toets en 'n bril kan bekom teen 'n minimale bedrag. 'n Persoon is besig om gebruik te maak van die diens wat in ons plaaslike kliniek geïnisieer word. Ons hoop om later 'n meer volledige berig te plaas na afloop van die proses.

Kennisgewing van kragonderbreking

'n Kragonderbreking vir noodsaaklike instand-houdingswerk word beplan vir Sondag, 14 Augustus vanaf 08h00 – 16h00.

MURRAYSBURG SE BLUEBIRD SOKKERSPAN NEEM DEEL AAN DIE METROPOLITAN LEAGUE EN WORD DEUR DIE GROOT KAROO TULI-VERENIGING GEBORG

Links agter: Michal Henpe, Riaan Booysen, Pieta Krismis, Pieter Williams, Manual Verwey en Hendrik (Baba) Adams

Links voor: Henry Blaaw, Roderick Williams, Kleinbooi Krismis (doelwagter), Klaas Uithaler (kaptein), Benedick Barbers (onderkaptein), Romeo Williams en Jacob Bosman